

Handelinge 19

Handelinge 19:1-40

1 En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Éfese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind 2 en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?

En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.

3 En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop?

En hulle antwoord: Met die doop van Johannes.

4 Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus.

5 En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. 6 En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gesprek en geprofeteer. 7 En altesaam was hulle omtrent twaalf manne.

8 En hy het in die sinagoge ingegaan en vrymoediglik drie maande lank met hulle geredeneer en hulle probeer oortuig van die dinge wat die koninkryk van God aangaan. 9 Maar toe sommige hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadsprek van die Weg, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van 'n sekere Tiránnus samesprekinge gehou. 10 En dit het twee jaar lank geduur, sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke.

11 En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen, 12 sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het.

13 En sommige van die rondtrekkende Jode, duiwelbesweerders, het dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor die wat bose geeste gehad het, en te sê: Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig! 14 Dit was sekere sewe seuns van Skeva, 'n Joodse owerpriester, wat dit gedoen het.

15 Maar die bose gees het geantwoord en gesê: Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?

16 Toe spring die man in wie die bese gees was, op hulle en oorleester en oorweldig hulle, sodat hulle naak en gewond uit daardie huis gevlug het.

17 En dit het bekend geword aan al die Jode en Grieke wat in Éfese woon, en vrees het op hulle almal geval, en die Naam van die Here Jesus is groot gemaak. 18 En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak; 19 en verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand; en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwerstukke was.

20 So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword.

21 En toe hierdie dinge verby was, het Paulus hom voorgeneem om deur Macedónië en Acháje te gaan en na Jerusalem te reis. Hy het gesê: Nadat ek daar gewees het, moet ek Rome ook sien.

22 Daarop stuur hy twee van sy helpers, Timótheüs en Erástus, na Macedónië, terwyl hy self nog 'n tyd lank in Asië gebly het.

23 En omtrent hierdie tyd het daar geen klein opskudding met betrekking tot die Weg ontstaan nie. 24 Want iemand met die naam van Demétrius, 'n silwersmid, maker van silwertempeltjies van Diana, het 'n aansienlike verdienste aan die ambagsmanne verskaf. 25 En toe hy hulle en die werkers in daardie soort bedrywe bymekaareroep het, sê hy: Manne, julle weet dat ons welvaart uit hierdie verdienste is, 26 en julle sien en hoor dat nie alleen in Éfese nie, maar byna in die hele Asië, hierdie Paulus 'n aansienlike skare oorgehaal en afvallig gemaak het deur te sê dat dit geen gode is wat met hande gemaak word nie. 27 Nou is daar nie alleen gevaar dat hierdie vak van ons in veragting kom nie, maar ook dat die tempel van die groot godin Diana as niks gereken word, en dat haar majesteit wat die hele Asië, ja, die wêreld, vereer, ook tot niet sal gaan.

28 En toe hulle dit hoor, is hulle met woede vervul en het geskreeu en gesê: Groot is die Diana van die Efésiërs!

29 Daarop raak die hele stad heeltemal in verwarring, en hulle storm soos een man na die skouburg en sleep Gajus en Aristárchus saam, Macedóniërs wat reisgenote van Paulus was.

30 En toe Paulus onder die volk wou ingaan, het die dissipels hom dit nie toegelaat nie. 31 En sommige van die owerstes van Asië wat sy vriende was, het ook na hom gestuur en hom gesmeek dat hy hom nie in die skouburg moes begeef nie.

32 Hulle het dan aangehou skreeu, sommige dit en ander dat; want die vergadering was in die war, en die meeste het nie geweet waarvoor hulle bymekaargekom het nie. 33 En hulle het Alexander uit die skare vorentoe laat kom, omdat die Jode hom vorentoe gestoot het; en Alexander het met die hand gewink en wou hom by die volk verdedig. 34 Maar toe hulle verstaan dat hy 'n Jood is, gaan daar een geroep van almal op terwyl hulle omtrent twee uur lank skreeu: Groot is die Diana van die Efésiërs!

35 Maar die stadsklerk het die skare tot bedaring gebring en gesê: Efésiërs, watter mens is daar tog wat nie weet dat die stad van die Efésiërs die tempelbewaarder is van die groot godin Diana en van die beeld wat uit die hemel geval het nie? 36 Terwyl dit dan nie weerspreek kan word nie, behoort julle rustig te wees en niks onbedags te doen nie. 37 Want julle het hierdie manne gebring, wat geen tempelrowers is nie en ook nie julle godin laster nie. 38 As Demétrius en sy ambagsmanne dan 'n saak teen iemand het, die hofsittings word gehou, en daar is regters: laat hulle mekaar aanklaag. 39 Maar as julle nog iets anders verlang, dit sal in die wettige vergadering beslis word. 40 Want ons loop gevaar om oor die oproer van vandag aangeklaag te word, aangesien daar geen grond is waarop ons sal kan rekenskap gee van hierdie oploop nie. 41 En met hierdie woorde het hy die vergadering ontbind.

1. Handeling 19:1-10 – Paulus verkondig in Efese

1 En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Éfese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind 2 en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.

3 En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop?

En hulle antwoord: Met die doop van Johannes.

4 Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus.

5 En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. 6 En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gesprek en geprofeteer. 7 En altesaam was hulle omtrent twaalf manne.

8 En hy het in die sinagoge ingegaan en vrymoediglik drie maande lank met hulle geredeneer en hulle probeer oortuig van die dinge wat die koninkryk van God aangaan. 9 Maar toe sommige hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadsprek van die Weg, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van 'n sekere Tiránnus samesprekinge gehou. 10 En dit het twee jaar lank geduur, sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke.

1.1 Vrae by Handeling 19:1-10

1. Van waar af het Paulus deur die boonste landstreke na Efese gereis? (vers 1)
2. Vir wie het Paulus in Efese gevind? (vers 1)
3. Waarom het Paulus gevra of hulle die Heilige Gees ontvang het? (vers 2)
4. Waarom het die dissipels nie geweet van die Heilige Gees nie? (vers 2)
5. Wat het hulle doop te doen met die ontvang van die Heilige Gees? (vers 3-4)

In Handeling 18:22-23 het Lukas berig van Paulus se aankoms in Ceserea, sy reis na Jerusalem om die gemeente te groet en sy terugkeer na Anthiochië in Sirië. Nadat hy 'n tyd lank in **Anthiochië** vertoef het, het hy vertrek en agtereenvolgens die land Galasië en Frigië deurreis en al die dissipels versterk. Galasië en Frigië is waar die gemeentes in Derbe, Listre, Ikonium en Anthiochië in Pisidië geleë is. En van Anthiochië af het hy na Efese gereis waar hy na alle waarskynlikheid wou uitkom op sy tweede sendingreis (Hand 16:6).

Soos Athene was Efese se dae van roem aan die verbygaan toe Paulus daar aangekom het. Efese was vir twee redes prominent. Weens die ligging aan die weskus van Asië naby die monding van Cayster rivier was Efese 'n gewilde handelsentrum. Maar weens die toeslik van die riviermonding het hierdie rede vir geweldheid getaan. Die ander rede was die godsdienstige belang van die stad. In Efese was die tempel vir die godin Artemis (Griek) of Diana (Romein). Hierdie tempel was vier keer groter as die Parthenon in Athene. Van oral oor het mense na Efese gekom om hierdie godin van vrugbaarheid te vereer.

By sy aankoms in Efese het Paulus sommige **dissipels** ontmoet. Die eerste afleiding wat 'n mens maak, is dat hierdie mense dissipels van Jesus Christus was, maar Lukas sê nie van wie hulle dissipels was nie. Dit word eers later in vers 3 bekend dat hulle dissipels van Johannes die Doper was.

Lukas meld nie waarom Paulus die vraag oor die ontvangs van die Heilige Gees gevra het nie. Ons kan egter maar net aflei dat **daar iets uit die dissipels se optrede en woorde vir Paulus duidelik gemaak het** dat daar iets skort in die mondering van hierdie dissipels. Dit wil voorkom asof hierdie dissipels baie soos Apollos was (Hand 18:25) omdat hulle ook nog net die doop van Johannes geken het.

Paulus se eerste afleiding was seker ook dat hierdie mense dissipels van Jesus is, maar uit die gesprekke met mekaar het dit vir hom duidelik geword dat hulle dissipels van Johannes die Doper was. Aangesien **Johannes die Doper nog net van die koms van die Heilige Gees getuig het**, het Paulus gevra of hulle die Heilige Gees ontvang het toe hulle gelowig geword het. Hierdie dissipels het dus wel geweet van Jesus Christus en wat Hy op die aarde sou kom doen, maar hulle nog nie alles van Hom geweet nie. Wat hulle geweet het, het hulle uit Johannes se onderrig ontvang, daarom het hulle ook nie eers geweet dat die Heilige Gees gegee is nie.

Hierdie dissipels het die doop van Johannes gehad, so antwoord hulleself. Johannes het self gesê dat hy met water doop, maar dat Hy wat na hom kom met vuur en die Heilige Gees sal doop. Johannes se doop was die doop van bekering, want hy het die pad vir die Here nog voorberei deur die bekerlinge op te roep om te glo in die Een wat sou kom, naamlik Jesus. **Die Christelike doop of die doop in die Naam van Jesus Christus is ook die getuienis van God self dat die Heilige Gees Hom met die dopeling wil verbind om aan die dopeling te skenk wat Christus aan die kruis verwerf het.**

6. Waarom is hierdie dissipels in die Naam van die Here Jesus gedoop? (vers 5)

7. Wat het met hierdie dissipels gebeur nadat hulle gedoop is? (vers 6)

Johannes die Doper het verkondig dat die mense hulle moet bekeer en gedoop word en hulle moet glo in Hom wat sal kom – dit is Jesus Christus. Hierdie dissipels was dus voorberei vir die koms van die Here. Paulus het nou aan hulle verkondig dat Christus inderdaad gekom het. Waarskynlik het hy ook aan hulle verkondig wie Jesus Christus werklik is en wat Hy kom doen het op aarde. **Op grond van hierdie verkondiging het die Heilige Gees hulle daartoe gebring om Jesus Christus as hulle Verlosser in die geloof te omhels.** Daarom is hulle in die Naam van die Here Jesus gedoop.

Nadat hulle gedoop is, het Paulus hulle die hande opgelê en hulle het die Heilige Gees ontvang. En dan gebeur wat in Jerusalem op Pinksterdag gebeur het. Hierdie dissipels het **met ander tale gepraat** – tale wat hulleself nog nooit geleer het nie – en **hulle het geprofeteer**. Dit wil sê, hulle het van die groot daade van God getuig.

Hierdie gebeure herinner sterk aan wat in Samaria gebeur het toe Petrus en Johannes daarheen gestuur is deur die gemeente in Jerusalem (Hand 8:14-17). Filippus het aanvanklik die evangelie in Samaria verkondig nadat die vervolging teen die kerk in Jerusalem uitgebreek het. Toe die apostels verneem het dat die mense in Samaria die Woord aangeneem het – mense wat nie Jode is soos die gemeente in Jerusalem nie – het hulle vir Petrus en Johannes gestuur om ondersoek in te stel.

Petrus en Johannes het vir hierdie gelowiges wat in die Naam van Jesus gedoop is gebid dat hulle die Heilige Gees ontvang. En nadat Petrus en Johannes hulle die hande opgelê het, het hulle die Heilige Gees ontvang. Anders as by die gebeure in Efese het die mense in Samaria nie in tale gepraat of geprofeteer nie. Cornelius en sy huis het ook in tale gepraat nadat hulle die Heilige Gees ontvang het, maar Petrus het hulle nie die hande opgelê nie (Hand 10:44).

Wanneer 'n mens die gebeure in Samaria naas die gebeure in Efese lees, is die ooreenkomste opmerklik:

Handelinge 8	Handelinge 19
1. Die Woord is aan die Samaritane verkondig (deur Filippus); baie het dissipels geword en is gedoop (8:4-13).	1. Die Woord is aan die mense in Efese verkondig (vroeër deur Apollos?); sommige het dissipels geword en is gedoop (Johannes se doop)(18:24-26).
2. Petrus en Johannes kom na Samaria en sien dat die teenwoordigheid van die Gees nie duidelik is in die lewens van die dissipels nie (8:14-16).	2. Paulus kom na Efese en merk op dat die teenwoordigheid van die Heilige Gees nie duidelik is in die lewens van die dissipels nie (19:1-5).
3. Petrus en Johannes lê die hande op die dissipels; die Heilige Gees kom op hulle (8:17).	3. Paulus lê die hande op die dissipels en hulle ontvang die Heilige Gees (19:6).
4. Petrus en Johannes se bediening wek die belangstelling van die Simon die towenaar (8:20-24).	4. Paulus se bediening wek die belangstelling van eksorsiste; die sewe seuns van Skeva (19:13).
5. 'n Konflik ontstaan tussen Petrus en Simon. Simon is oorweldig (8:20-24).	5. 'n Konflik ontstaan tussen die eksorsiste en die bose geeste. Die eksorsiste word oorweldig (19:14-16).
6. Petrus en Johannes verkondig aan baie mense van Samaria se dorpe voordat hulle na Jerusalem terugkeer (8:25).	6. Almal in Asië hoor die Woord van die Here as gevolg van Paulus se verkondiging (19:10).
7. Baie wonderwerke het onder die Samaritane plaasgevind wat die Here deur Filippus gedoen het (8:6-8).	7. Baie wonderwerke het plaasgevind wat die Here deur Paulus gedoen het (19:11-12).

Dit is ook die laaste keer wat daar in Handelinge melding gemaak word van in tale praat. Die vervulling van Jesus se belofte dat gelowiges die Heilige Gees ontvang is van nou af dwarsdeur die kerk as die norm aanvaar en erken. In die onderstaande

tabel kan 'n mens 'n oorsig kry oor die drie kere wat tale spreek in Handelingte genoem word.

Tale spreek in Handelingte				
Verwysing	Sprekers	Hoorders	Tyd	Doel
2:1-4	Die apostels en moontlik ander ook	Ongeredde Jode	Na hulle verlossing	Om vir die Jode die koms van die Heilige Gees te bevestig
10:44-47	Heidene	Geredde Jode	Ten tyde van hulle verlossing	Om vir die Jode God se aanvaarding van die heidene te bevestig
19:1-7	Dissipels van Johannes die Doper	Jode en heidene	Ten tyde van hulle verlossing	Om vir die Jode Paulus se verkondiging te bevestig

8. Wat is besonder aan die tydperk wat Paulus in die sinagoge geredeneer het? (vers 8)
9. Wat het Paulus aan hulle verkondig? (vers 8)

Soos by elke ander plek waar Paulus gekom het, het hy ook hier in Efese eerste na die sinagoge gegaan om die evangelie van Jesus Christus aan die Jode en Jodegenote te verkondig. Lukas skryf uitdruklik dat Paulus vir drie maande lank met vrymoedigheid oortuierend met die Jode kon redeneer. **Hierdie is verseker die langste tydperk wat Paulus toegelaat is om in die sinagoge te praat sonder dat die Jode hom met geweld daaruit verjaag het.**

In Anthiochië in Pisidië het Paulus net een sabbat geleentheid gehad. Die volgende sabbat is hy verjaag. In Tessalonika weet ons dat hy vir drie sabbatte met die Jode geredeneer het. Hier in Efese het Paulus drie maande van rustigheid gehad om die evangelie aan die Jode te verkondig.

Paulus het met hulle oor die dinge aangaande **die koninkryk van God** gepraat. Koninkryk van God is 'n ander manier om van die evangelie van Jesus Christus te praat. In die koninkryk van God is Jesus die gesalfde Koning wat deur sy Gees en Woord die gelowiges regeer.

10. Hoe het sommige in die sinagoge gereageer op die verkondiging van Paulus? (vers 9)
11. Wat het Paulus gedoen toe sommige van die Jode so gereageer het? (vers 9)
12. Wat was die gevolg van Paulus se twee jaar lange onderrig in die skool van Tirannus? (vers 10)

Paulus kon vir ruim drie maande lank met oortuiging redeneer oor die dinge van die koninkryk van God. Dit is seker langer as in baie van die ander sinagoges waar Paulus opgetree het. Mettertyd het die ongelowige Jode hulle **verhard** en was hulle **on gehoorsaam** aan die Woord van die Here. En voor al die ander mense het hulle **kwaad gepraat** van die Weg van verlossing wat Paulus verkondig het. Hierdie reaksie van die ongelowige Jode het Paulus goed geken, want dit is hoe die ongelowige Jode nog in elke sinagoge na 'n tyd gemaak het.

In plaas daarvan om aan te hou om die pêrels voor die swyne te gooi, het Paulus homself uit die sinagoge onttrek. Hy het dit hier nie so dramaties gedoen soos in Antiochië in Pisidië (Hand 13:46-47) en in Korinthe (Hand 18:6) nie. Paulus het **eenvoudig van hulle af weggegaan en die dissipels een kant geneem en elke dag in die skool van Tirannus onderrig.**

Met hierdie optrede het Paulus verhoed dat die Jode nog meer sondes teen hulleself opstapel. En aan die ander kant het die Here vir hom en die dissipels die gemoedsrus gegee om in vrede voort te gaan met die onderrig uit die Woord.

Die Here het deur hierdie twee jaar lange arbeid van Paulus al die inwoners van Asië die Woord van die Here Jesus laat hoor. Vanuit Efese het die dissipels wat toegerus is die Woord van die Here Jesus verder versprei. **Met die gevolg dat daar kerke in**

Kolosse, Laodisea en Hierapolis tot stand gekom het. Dit is ook moontlik dat die ander vyf kerke aan wie Jesus briewe laat stuur het (Open 2 en 3) ook tot stand gekom het as gevolg van die verkondiging van die dissipels wat van Efese af uitgegaan het.

Efese is een van die plekke met wie die Here besondere moeite gedoen het na aanleiding van wat 'n mens in die Nuwe Testament lees. Timoteus het in 'n latere stadium hier gewerk en ons weet ook dat Johannes daar gewerk het. Dit is ook die gemeente wat vele geskrifte ontvang het. Daar was die brief van Paulus aan Efese sowel as die twee briewe aan Timoteus. Die boek Openbaring is ook in besonder aan Efese gestuur. Dit is ook moontlik dat Johannes sy drie briewe aan hierdie gemeente geskryf het.

2. Handeling 19:11-20 – Die seuns van Skeva

11 En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen, 12 sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het.

13 En sommige van die rondtrekkende Jode, duiwelbesweerders, het dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor die wat bose geeste gehad het, en te sê: Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig! 14 Dit was sekere sewe seuns van Skeva, 'n Joodse owerpriester, wat dit gedoen het.

15 Maar die bose gees het geantwoord en gesê: Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?

16 Toe spring die man in wie die bose gees was, op hulle en oormeester en oorweldig hulle, sodat hulle naak en gewond uit daardie huis gevlug het.

17 En dit het bekend geword aan al die Jode en Grieke wat in Éfese woon, en vrees het op hulle almal geval, en die Naam van die Here Jesus is groot gemaak. 18 En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak; 19 en verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand; en

hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwerstukke was.

20 So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword.

2.1 Vrae by Handeling 19:11-20

1. Hoe het die buitengewone kragte deur Paulus se hande plaas gevind? (vers 11)
2. Wat was die gevolg van hierdie buitengewone kragte? (vers 12)

Lukas stel dit duidelik dat dit nie Paulus self is wat die buitengewone kragte gewerk het. **God self het die buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen.** Dit is God alleen wat die wonderwerke doen. Die apostels wat by die wonderwerke gesien word of wat daarby betrokke is, is slegs die instrumente wat deur die Here aangewend word.

Hierdie wonderwerke is Jesus wat sy werk wat Hy op aarde gedoen het, voortsit na sy hemelvaart deur sy apostels (Mark 5:27; 6:56). Hy het dit deur Petrus gedoen (Hand 5:15) en nou doen Hy dit ook deur Paulus.

Lukas trek 'n parallel tussen Petrus en Paulus wanneer dit kom by die wonders wat die Here deur hulle verrig het. Die Here het deur albei van hulle 'n verlamde man genees (Hand 3:2; 14:8). Deur albei het die Here bese geeste uitgedryf (Hand 5:16; 16:18), towenaars oorwin (Hand 8:18; 13:6), dooies opgewek (Hand 9:36; 20:9) en albei is deur 'n wonderwerk van die Here uit die gevangenes verlos (Hand 12:7; 16:25).

Die gevolg van die buitengewone kragte wat God gedoen het, **was dat mense gesond geword het selfs al is net 'n doek of 'n voorskoot van Paulus op die siekes neergelê.** Die doeke is waarskynlik doeke wat Paulus gebruik het om die sweat af te vee terwyl hy met die leerwerk besig so ook die voorskoot. Hierdie kragte was buitengewoon omdat God Homself as die almagtige vertoon het in 'n stad wat deurtrek was van towenaars en bygelowiges. Efese was 'n stad wat deurtrek

was met bese geeste. In sy brief aan hulle het Paulus geskryf van die geestelike oorlog wat gelowiges voer (Efes 6:10-20).

3. Wat het hierdie rondtrekkende Jode gedoen? (vers 13)
4. Wat was fout met hulle gebruik van die Naam van Jesus? (vers 13)
5. Wie was hierdie rondtrekkende Jode? (vers 14)
6. Wat weet die bese geeste alles? (vers 15)
7. Wat was die afloop van die sewe seuns se bedrog? (vers 16)

Teenoor die werk wat God deur Paulus se hande gedoen het in Efese was daar ook ander mense wat hulleself as duivelbesweerders uitgegee het. Lukas noem hulle rondtrekkende Jode. Dit blyk dat hulle nie werklik 'n erkende beroep beoefen het nie, maar hulle het rondgeswerf en dinge begin doen waaruit hulle gemeen het om een of ander inkomste te genereer. **Onder hierdie rondtrekkende Jode was daar sommige wat hulleself as duivelbesweerders voorgestel het.** In 'n stad soos Efese wat vol bygeloof was, sou hulle 'n goeie geldjie kon maak.

Hierdie sogenaamde duivelbesweerders het dit selfs gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor die mense wat bese geeste gehad het. Uit hulle woorde – **Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig** – is dit egter duidelik dat hierdie duivelbesweerders nie in Jesus glo nie. Hulle noem Hom nie Here nie, maar die Jesus wat deur Paulus verkondig word. **Vir hierdie duivelbesweerders was die Naam van Jesus soos 'n formule wat hulle uitgespreek het om die bese geeste uit te dryf.** Hulle herken Jesus nie as God nie, maar sy Naam hou vir hulle een of ander towerkrag in wat hulle gemeen het beter sou werk as die formules wat hulle reeds gebruik het.

Lukas stel hierdie rondtrekkende Jode wat hulle self as duivelbesweerders voorgestel het ook bekend as **die sewe seuns van Skeva** 'n Joodse owerpriester. Van hierdie Skeva weet ons niks behalwe dit wat Lukas hier geskryf het. Hy beslis nie 'n hoëpriester nie, want hulle name is almal bekend. Na aanleiding van die seuns

se optrede wonder 'n mens of hierdie Skeva nie ook maar iemand was wat homself voorgedoen het wat hy nie werklik is nie.

Die bose gees wat in die betrokke man was wat die sewe seuns van Skeva wou uitdryf, was **bekend met wie Jesus en Paulus** is. Die duiwel en al die engele wat saam met hom in opstand gekom het teen God het presies geweet wie Jesus is. Hulle was immers voor hulle sondeval in die hemel as goeie engele by die Drie-enige God. Die bose gees het ook presies geweet wie Paulus is. Vir die bose gees was Jesus en Paulus sy vyand, maar van hierdie sewe seuns dra hy geen kennis dat hulle ook sy vyand is nie. Uit hierdie openbaring kry ons die bevestiging dat hierdie sewe seuns nie gelowiges was nie.

Die gevolg van die sewe seuns se bedrog was dat die man in wie die bose gees was hulle aangeval het. **Die seuns moes toe vir hulle lewe vlug en het sonder klere en wonde van die skermutseling met die bose gees afgekom.** Omdat die seuns nie gelowiges was nie, het hulle nie deel gehad aan die geestelike krag van die Heilige Gees om weerstand te bied teen die bose gees nie. Daarom het hulle gevlug toe hulle aangeval is. Aan die ander kant, hulle het hulleself voorgedoen as gelowiges en vir hulle bedrog het hulle beleef wat gebeur met 'n mens as die duiwel jou vyand is.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">8. Wat het bekend geword onder al die Jode en Grieke in Efese? (vers 17)9. Wat was die gevolg van die berig oor wat met Skeva se seuns gebeur het? (vers 17)10. Wat was die gevolge van die vrees wat op almal geval het? (vers 18-19)11. Hoe is die Naam van die Here Jesus groot gemaak? (vers 18-20) |
|--|

Die berig **oor wat met die seuns van Skeva gebeur het**, het onder al die Jode en Grieke bekend geword. Hierdie misbruik van die Naam van Jesus deur die seuns van Skeva was nie iets wat sommer iewers ongesiens gebeur het nie. Die hele stad het gehoor wat gebeur het – die ongelowiges sowel as die gelowiges.

Die gevolg van die berig oor die gebeure met die seuns van Skeva was dat **vrees op hulle almal geval het en die Naam van die Here Jesus is groot gemaak**. By die inwoners van Efese het daar ontsag gekom vir die geestelike kragte wat aan die werk is. Daar was ontsag vir die Naam van Jesus, want selfs die bose gees het geweet wie Jesus is. Maar daar was ook vrees oor die bose geeste, want hulle vrees nie iemand wat Jesus se Naam net as 'n towerformule wil gebruik en nie in Hom glo nie.

Baie van die mense in Efese wat reeds tot geloof gekom het, **het belydenis kom doen van hulle dade**. Die seuns van Skeva was mense wat Jesus se Naam sommer gebruik het om duiwels uit te dryf. Daar was gelowiges wat dit waarskynlik ook gedoen het sonder om te beseef waarmee hulle besig is. Deur die gebeure met die seuns van Skeva het hulle tot die beseef gekom waarmee is hulle eintlik besig.

En die gelowiges wat nie net hierdie praktyke gedoen het nie maar ook boeke gehad het oor die okkulte en towery het **die boeke gebring en dit in die openbaar verbrand**. Lukas noem nog die groot som geld van die waarde van die boeke. Dit laat 'n beseef hoe baie mense betrokke was met die duiwelse praktyke.

Die Naam van die Here Jesus is groot gemaak deurdat die lidmate wat **ten volle belydenis van hulle dade kom doen het** – dade wat hulle nog gereken het onskuldig is. Dit was egter nie net woorde nie van belydenis nie. Die gelowiges het die daad by die woord gevoeg en vir altyd weggedoen met **die boeke wat hulle gehad en hulle dit verbrand**. Die gelowiges het die absolute heerskappy van Jesus Christus in hulle lewens erken en dit ook geleef. Dit wil sê, die gemeente het suiwerder geword in hulle leer en lewe. Daarby het die Woord van die Here met krag gegroei en sterk geword. Dit wil sê, daar het nog mense die Woord van die Here gehoor en nog mense het tot geloof in Jesus Christus gekom.

3. Handeling 19:21-41 – Die oproer in Efese

21 En toe hierdie dinge verby was, het Paulus hom voorgeneem om deur Macedónië en Acháje te gaan en na Jerusalem te reis. Hy het gesê: Nadat ek daar gewees het, moet ek Rome ook sien.

22 Daarop stuur hy twee van sy helpers, Timótheüs en Erástus, na Macedónië, terwyl hy self nog 'n tyd lank in Asië gebly het.

23 En omtrent hierdie tyd het daar geen klein opskudding met betrekking tot die Weg ontstaan nie. 24 Want iemand met die naam van Demétrius, 'n silwersmid, maker van silwertempeltjies van Diana, het 'n aansienlike verdienste aan die ambagsmanne verskaf. 25 En toe hy hulle en die werkers in daardie soort bedrywe bymekaareroep het, sê hy: Manne, julle weet dat ons welvaart uit hierdie verdienste is, 26 en julle sien en hoor dat nie alleen in Éfese nie, maar byna in die hele Asië, hierdie Paulus 'n aansienlike skare oorgehaal en afvallig gemaak het deur te sê dat dit geen gode is wat met hande gemaak word nie. 27 Nou is daar nie alleen gevaar dat hierdie vak van ons in veragting kom nie, maar ook dat die tempel van die groot godin Diana as niks gereken word, en dat haar majesteit wat die hele Asië, ja, die wêreld, vereer, ook tot niet sal gaan.

28 En toe hulle dit hoor, is hulle met woede vervul en het geskreeu en gesê: Groot is die Diana van die Efésiërs!

29 Daarop raak die hele stad heeltemal in verwarring, en hulle storm soos een man na die skouburg en sleep Gajus en Aristárchus saam, Macedóniërs wat reisgenote van Paulus was.

30 En toe Paulus onder die volk wou ingaan, het die dissipels hom dit nie toegelaat nie. 31 En sommige van die owerstes van Asië wat sy vriende was, het ook na hom gestuur en hom gesmeek dat hy hom nie in die skouburg moes begeef nie.

32 Hulle het dan aangehou skreeu, sommige dit en ander dat; want die vergadering was in die war, en die meeste het nie geweet waarvoor hulle bymekaargekom het nie. 33 En hulle het Alexander uit die skare vorentoe laat kom, omdat die Jode hom vorentoe gestoot het; en Alexander het met die hand gewink en wou hom by die volk verdedig. 34 Maar toe hulle verstaan dat

hy 'n Jood is, gaan daar een geroep van almal op terwyl hulle omtrent twee uur lank skreeu: **Groot is die Diana van die Efésiërs!**

35 Maar die stadsklerk het die skare tot bedaring gebring en gesê: **Efésiërs, watter mens is daar tog wat nie weet dat die stad van die Efésiërs die tempelbewaarder is van die groot godin Diana en van die beeld wat uit die hemel geval het nie?** **36** Terwyl dit dan nie weerspreek kan word nie, behoort julle rustig te wees en niks onbedags te doen nie. **37** Want julle het hierdie manne gebring, wat geen tempelrowers is nie en ook nie julle godin laster nie. **38** As Demétrius en sy ambagsmanne dan 'n saak teen iemand het, die hofsittings word gehou, en daar is regters: laat hulle mekaar aanklaag. **39** Maar as julle nog iets anders verlang, dit sal in die wettige vergadering beslis word. **40** Want ons loop gevaar om oor die oproer van vandag aangeklaag te word, aangesien daar geen grond is waarop ons sal kan rekenskap gee van hierdie oploop nie. **41** En met hierdie woorde het hy die vergadering ontbind.

3.1 Vrae by Handeling 19:21-41

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Waarheen was Paulus van voorneme om te reis? (vers 21)2. Waarom wou hy hierdie reis onderneem? (vers 21)3. Waarheen wou Paulus gaan nadat hy in Jerusalem was? (vers 21)4. Waarom wou hy Rome toe gaan? (vers 21) |
|---|

Paulus het hom voorgeneem om **van Efese af deur Macedonië en Achaje na Jerusalem toe te reis**. In die Afrikaanse vertaling kom die presiese woorde van die oorspronklike nie so duidelik na vore nie. In die oorspronklike staan daar geskryf dat *Paulus in die gees besluit het of dat hy deur die Gees besluit het*. In hierdie woorde hoor 'n mens weereens dat Paulus hom steeds ten volle deur die Heilige Gees laat lei oor waarheen hy volgende moet gaan om die evangelie van Christus te verkondig. Die plan om weer na Jerusalem toe te gaan sal later op hierdie reis deur gelowiges aan Paulus afgeraai word (Hand 21:11-12).

Lukas sê nie waarom Paulus hierdie reis op hierdie roete wou onderneem nie. Uit wat ons reeds weet van Paulus se vorige twee reise, **kan ons aanvaar dat hy die**

gemeentes in Macedonië en Achaje wou besoek om hulle te versterk, soos wat hy reeds drie maal gedoen het met die gemeentes in Galasië en Frigië na afloop van die eerste sendingreis en met die aanvang van die tweede en derde sendingreise. Uit die brief aan die Romeine (Rom 15:25-31) en die eerste brief aan die Korinthiërs (1 Kor 16:1-4) **weet ons dat Paulus by die gemeentes in Macedonië en Achaje kollekte laat invorder het vir die gelowiges in Jerusalem**. Daarom wou hy uiteindelik eers in Jerusalem aandoen voordat hy na Rome gaan – om die kollekte aan die gelowiges in Jerusalem te bring.

Vir Paulus was dit noodsaaklik dat hy na sy besoek ook na **Rome** toe moet gaan. By Paulus was daar 'n brandende begeerte (vgl. Rom 1:8-15) om die gelowiges in Rome te besoek **omdat hy hulle ook graag in die geloof wil versterk**, soos wat hy by vele ander gemeentes al gedoen het.

- | |
|--|
| <p>5. Waarheen het Paulus twee van sy helpers gestuur? (vers 22)</p> <p>6. Waarom het hy hulle daarheen gestuur? (vers 22)</p> |
|--|

Timoteus en Erastus was twee van Paulus se helpers tydens sy verblyf en werk in Efese. Silas en Titus was ook helpers van Paulus. Na die besoek aan Korinthe op die tweede sendingreis hoor ons nie weer iets van Silas in Handeling nie. Lukas meld nooit iets van Titus nie. Dit is die eerste keer wat daar van Erastus melding gemaak word. In die briewe aan die Romeine en die tweede brief aan Timoteus skryf Paulus van 'n Erastus (Rom 16:23; 2 Tim 4:20), maar daar is nie sekerheid of dit dieselfde persoon is as hierdie Erastus nie.

Aangesien Paulus van plan was om van Efese deur Macedonië en Achaje te reis voordat hy Jerusalem toe gaan, het hy vir Timoteus en Erastus **na Macedonië** gestuur. Paulus wou die kollekte wat hierdie gemeentes vir die gelowiges in Jerusalem ingevorder het by hulle gaan afhaal en na Jerusalem neem. Dit is moontlik dat Paulus die twee helpers gestuur het **om die insamelingswerk in Macedonië en Achaje af te rond voordat Paulus daar sou aankom**.

Paulus self het nog 'n tyd lank in Asië gebly voordat hy op hierdie reis deur Macedonië en Achaje vertrek het. Dit was tydens hierdie laaste tyd in Efese dat die volgende insedent in Efese plaasgevind het.